Wit top (R900) en swart-en-wit baadjie (R3 530) van Address, en blou broek (R599) van Forever New.

Nuutgemaak!

Elke vrou is geskape met drome, gawes en ’n eiesoortige styl om God se skoonheid uit te straal. Ons help twee lesers om hulle unieke mooi ten volle te ontdek.

deur NINA BROWN foto’s SAMANTHA DU TOIT

JACELIZE DU PREEZ {43},
bemarkingsbestuurder van Stellenbosch

PRODUKSIE & STYLERING Nina Brown www.ninabrown.co.za; FOTO’S Samantha du Toit www.stphotography.co.za; GRIMERING Lisa Brown www.lisabrown.co.za; HARE Le Hair Lounge www.lehairlounge.com; KLERE Address ☎ 021 883 8529; FOTO’S GENEEM BY Supreme Upholstery ☎ 021 887 2756; MEUBELS EN BYKOMSTIGHEDE Supreme Upholstery www.supremeupholstery.co.za; SKILDERYE Michelle-Lize van Wyk info@michelle-lize.co.za

Vlootblou rok (R1 999) van Tinseltown, koraalkleur top (R550) en oorbelle (R250) van Cretienne Couture, en roomkleur sandale R1 070) van Address.

“Ek is Sy skilderdoek in ’n gebroke wêreld. As my lewe en die beeld wat ek uitstraal nie strook met dít wat ek oor God verf nie, maak dit nie sin nie!”

MICHELLE-LIZE VAN WYK {40},
kunstenaar van Stellenbosch

VOOR

Pienk trui (R425) en rooi baadjie (R699) van Truworths, blou broek (R599) van Forever New, en rooi skoene (R950) van Nine West.

"Die geestelike betekenis van my naam – 'n samestelling van my ouma se name, Jacoba en Elizabeth – is 'opsygesit om die volheid van God te vertoon'. Dis baie betekenisvol op my lewensreis, veral omdat ek sewe jaar gelede deur 'n egskeiding is en God my geduring daaraan herinner dat Hy genoeg is vir my! Geen man moet of kan Sy plek inneem nie – net Hy kan al die droë, hol plekke in my hart volmaak. Die wonderlike ding van ons Here is dat Hy áls in ons lewe ten goede laat meewerk! Geen pyn is verniet nie. Jy moet egter ook self verantwoordelikheid aanvaar vir jou groei, genesing en oorwinning. Ons hoef nie verstrik te bly in ou bagasie nie, ons kan 'n lewe van oorwinning reeds hier op aarde ken!"

Rooi rok (R2 500) van Tinseltown en halssnoer stilis se eie.

"Stylgewys hou ek van klassieke, gestroopte eenvoud wat 'n sterk stelling maak"

JACELIZE DU PREEZ

Vlootblou rok (R1 999) van Tinseltown, pers serp (R275) van Lulu Belle, en oorbelle model se eie.

REGS Seegroen rok (R990) van Cretienne Couture en serp (R295) van Lulu Belle.
REGS ONDER Goue baadjie (R875) van YDE, top (R599) van Topshop, romp model se eie, en oorbelle (R625) van Lulu Belle.

VOOR

"Ek verf omdat ek weet dit gee die Here plesier as ek dit doen! In *Chariots of Fire* sê die karakter Eric Liddell: '*God made me fast and that is why I run. I give God pleasure when I run*!' Net so voel ek oor skilder: Dis my manier van aanbid; dis die plek waar God my ontmoet. Ek wil dit wat ek van Hom verstaan, só oordra dat mense dit met een oogopslag kan verstaan en so tot 'n diep en bevredigende verhouding met die Here geroep word, Hom sonder Wie als woes en leeg is!"